

# Gehekelde lelies

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 150 g Coats Tridalia Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

**MATE:** 60 x 60 cm.

**AFKORTINGS:** gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; p(s) – picot(s); lb – langbeen; st(e) – steek(steke); herh – herhaal; osk – oop skulp.

**Spasie:** 1lb om te begin; \*2ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.

**Blokkie:** 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blokkie te voltooi.

**Laset:** Word oor 2 rye gevorm:

**1e ry:** 1lb om te begin; 5ks, slaan 5 ste oor, 1lb om eerste deel te voltooi.

**2e ry:** 1lb in lb, 3ks, 1kb in middel van 5ks, 3ks, 1lb om laset te voltooi.

**Picot:** 3ks, gs in 1e van 3ks.

**Oop skulp:** 1lb, 2ks, 1lb in dieselfde steek of spasie.

**AANWYSINGS:** Die kleedjie word in rondtes vanaf middelpunt gehekel.

Begin met 3ks, gs om ring te vorm.

**1e rondte:** 8ks (= 1lb plus 5ks), \*1lb in ring, 5ks; herh vanaf \* nog 3 keer; sluit met gs in 3e van 3begin-ks. Let wel: elke rondte word só afgesluit.

**2e rondte:** 5ks (= 1lb plus 2ks), \*1osk in middelste ks van sp, 3ks, 1lb in lb, 2ks; herh nog 3 keer vanaf \*.


**3e rondte:** 5ks, \*1lb in 1e lb van osk, 2ks, 1osk in osk, 2ks, 1lb in 2e lb van osk, 2ks, 1lb in lb, 2ks; herh rondom.

**4e rondte:** 3ks, \*1lb in lb, 5ks, 1osk in osk, 5ks, slaan lb van osk oor en plaas 1lb in vlg lb, 3ks, 1kb in vlg lb, 3ks; herh van \* rondom, maar sluit laaste laset af met 1lb in basis van eerste 3ks, om aan bokant van rondte te eindig.

**5e rondte:** 8ks (= 1lb plus 5ks); \*1lb in lb, 3ks, 1kb in sp, 3ks, 1lb in 1e lb van osk, 2ks, 1osk in osk, 2ks, 1lb in 2e lb van osk, 3ks, 1kb in sp, 3ks, 1lb in lb, 5ks; herh rondom, maar sluit met gs in 3e van 8 begin-ks.

Hekel so voort in lasette, raadpleeg diagram, en hekel hoek-vermeerderings afwisselend soos in 4e en 5e rondte uiteengesit word. Wanneer jy die blokkie en filetpasiegedeelte bereik, moet vir elke hoekvermeerdering 'n osk in osk gehekel word, met 2ks aan weerskante.

**OMRANDING:** Hekel rondom met: (1lb, 1p) 4 keer, plus 1lb in sp, 1kb in elk van vlg 2 sps. Knip gare af en werk netjies af.



Vir Engelse vertaling, kyk op inhoudsbladsy.

For English version, see contents page.